# DIE BESTUDERING VAN GESKIEDENIS DEUR MIDDEL VAN DIE BRONNEMETODE, MET SPESIALE VERWYSING NA GESKIEDENISONDERRIG OP SKOOL

DR D J J COETZEE
UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

## 1. INLEIDING

Die bestudering van Geskiedenis aan die hand van bronne van 'n verskeidenheid van aard is in die buiteland reeds algemene praktyk en is ook besig om in die RSA veld te wen. Alhoewel die bronnemetode in die Kaaplandse Geskiedenissillabusse vir standerds 2 tot 4 nie spesifiek vermeld word nie, word dit tog onder die doelstellings, waaraan hieronder weer aandag gegee word, sterk aanbeveel.[1]

Die gebruik van die bronnemetode in die klaskamer is reeds in 1899 gepropageer, terwyl MW Keatings hom teen 1910 sterk daarvoor beywer het om dié opwindende dimensie tot geskiedenisonderrig toe te voeg.[2] Ten spyte van hierdie vroeë belangstelling was die metode vyftien tot twintig jaar gelede swak bekend en maar nog skraps gebruik. Vandag vind dit egter steeds meer byval.[3]

In 'n kort artikel soos hierdie kan slegs enkele gedagtes oor die bronnemetode as onderrigmetode uitgespreek word en 'n paar aanbevelings oor hoe dit toegepas kan word, gemaak word.

## 2. WAT IS 'N BRON

Iemand het by geleentheid gesê dat die hele wêreld 'n hulpbron by die studie van Geskiedenis is. Dit is wel so, maar daar is sekere kriteria wat aangewend moet word om bruikbare bronne te selekteer en te beoordeel, asook sekere tegnieke om bronne te hanteer en te bewaar. 'n Bron is eintlik enige materiaal waaruit die historikus inligting oor die historiese verlede kan verkry en so tot die rekonstruksie van die verhaal van die verlede kan meehelp.

Daar bestaan basies twee hoofkategorieë van bronne, naamlik *primêre bronne* en *sekondêre bronne.*[4] Primêre of oorspronklike bronne is onder andere dagboeke, verslae van ooggetuies, koerantverslae, sketse, skilderye, sketskaarte, briewe, fotografiese materiaal, notules, gebruiksartikels, geboue en private versamelings van dokumente. Sekondêre bronne is hoofsaalik bronne wat saamgestel is deur gebruik te maak van primêre bronne. Voorbeelde hiervan is algemene geskiedeniswerke, handboeke en biografieë.[5]

Alhoewel die meeste historiese bronne in geskrewe vorm voorkom, is daar ook ander oorblyfsels uit die verlede wat onder oorspronklike bronne geklassifiseer kan word. Daar is gebruiksartikels soos die erdepotte waarin die Grieke hulle wyn bewaar het, die klip- asook metaalgereedskap en wapens van die oermens, skilderye, oorblyfsels van geboue en nog baie ander voorwerpe wat as bronne gebruik kan word. Historiese bronne bestaan dus nie noodwendig net in geskrewe vorm nie.

Geskrewe bronne word selde in hul oorspronklike vorm gebruik. Om te voorkom dat bronne deur gebruik verweer, word van fotografiese reproduksies gebruik gemaak. In sekere oorsese lande bestaan daar in hierdie opsig 'n groot verskeidenheid gepubliseerde bronnemateriaal wat vir gebruik in skole saamgestel is. 'n Paar voorbeelde hiervan is: *They Saw it Happen, How They Lived* en *We Were There*, saamgestel deur Basil Blackwell.[6] Ander publikasies van hierdie aard is die geïllustreerde publikasie, *Jackdaws* deur Jonathan Cape en *Archive Teaching Units* deur Tyson.[7] Laasgenoemde bevat 'n verskeidenheid kopieë van dokumente wat 'n atmosfeer van aktualiteit adem. Dit sluit onder andere briewe, rekeninge en plakkate in en kan selfs uitmekaar gehaal word om groepwerk oor dieselfde onderwerp moontlik te maak. Hierbenewens kan *There and Then* deur Longman, *Sources of History* deur Thorne en *History Alive* deur Moss nog genoem word.[8] Om gebruik deur die onderwyser te vergemaklik, is sommige van hierdie publikasies in die vorm van studiepakkette, gewoonlik gefotostateerde materiaal met prente, vrae, opdragte en antwoordkaarte daarby.

In die RSA word dikwels gebruik gemaak van weergawes van bekende dagboeke soos dié van Jan van Riebeeck, Louis Tregardt Francis Owen en *Die Konvensiedagboek* van F S Malan. Daar is ook algemene bronnepublikasies, soos *Honderd Basiese Dokumente* van F A van Jaarsveld en *From Dias to Vorster*, deur Gordon en Talbot. Hierby kan gevoeg word *Select Constitutional Documents Illustrating South African History 1795 - 1910*, wat reeds in 1918 die lig gesien het. 'n Publikasie wat vermelding verdien en wat 'n groot verskeidenheid afdrukke van foto's, skilderye en kaarte bevat, asook gesimuleerde berigte deur die outeur, is *Die Nuusbode* deur A Boëseken wat geskik is om in die laerskool gebruik te word. Materiaal vir gebruik in skole kan wel uit bogenoemde publikasies geselekteer word, maar dit neem nie die taak van dosente en onderwysers wat Geskiedenis as vak aanbied, weg om spesifieke publikasies saam te stel wat deur verskillende leerlinggroepe in die

denke noodsaaklik.[19] 'n Kind kan moontlik eers op ongeveer 12 jaar tot formele denke oorgaan, maar formele denke ontwikkel nie vanself nie. Ons kan derhalwe nie wag totdat die leerling gereed is nie, maar moet hulle juis vroegtydig met ons onderrig help tot formele denke. Materiaal wat in bronnestudie gebruik word, kan dus 'n waardevolle bydrae lewer nie net tot die verwesenliking van die doelstellings van Geskiedenis nie, maar ook tot die algemene kognitiewe ontwikkeling van die kind. Dit kan begrip op hoër vlak en die oplossing van probleme van abstrakte aard bevorder. Daar moet verder ook besluit word of 'n bron vir gebruik in 'n spesifieke skool en standerd verkort, vereenvoudig of opgesom moet word.[20]

In die RSA is daar nog nie voldoende geskikte bronnepublikasies wat gereed is om in skole, kolleges en universiteite gebruik te word nie. Dit is veral in die primêre skool waar daar in hierdie opsig nog 'n groot behoefte bestaan. Hier rus die grootste verantwoordelikheid op die skouers van Geskiedenisdosente en natuurlik ook onderwysers self om individueel en in groepverband na oplossings vir hierdie probleem te soek.

## 5. VARIASIEMOONTLIKHEDE IN DIE HANTERING VAN BRONNEMATERIAAL MET DIE KLEM OP PRIMêRESKOOLVLAK

Wanneer die onderwyser aan die begin van die kwartaal sy werkskema beplan, moet hy besluit watter onderafdelings uit die sillabus hy met behulp van bronnestudie wil behandel Sommige afdelings van die sillabus leen hulle beter as ander daartoe om by wyse van 'n spesifieke metode aangebied te word. Dit is vanselfsprekend dat alle leerstof nie by wyse van die bronnestudie oorgedra kan word nie. Die verskillende metodes behoort afgewissel en met mekaar gekombineer te word. Nadat besluit is oor die afdelings wat by wyse van die bronnemetode aangebied sal word, word die nodige bronne opgespoor en geselekteer en dan word presies beplan hoe hulle gebruik sal word. Indien 'n bepaalde bron nie doeltreffend is nie, moet die gebruik daarvan òf herbeplan word òf 'n ander bron 'n volgende keer in die plek daarvan gebruik word, totdat gewenste resultate behaal word.

Die wyse waarop die bronnemetode toegepas word en die spesifieke bron wat gebruik word, sal in 'n groot mate van die standerd en ontwikkelingspeil van die leerling asook van die beskikbaarheid van bronnemateriaal afhang. Dit spreek vanself dat dit vir senior leerlinge en studente makliker as vir junior leerlinge sal wees om geskrewe dokumente in die studie van Geskiedenis te gebruik. Daar is egter wel bronne wat vir die jonger kind geskik is en dit is ook juis op 'n heel jong leeftyd dat die kind se nuuskierigheidsdrang die sterkste is en hulle talle vrae stel.[21] In die junior standerds moet die bron egter op elementêre vlak benut word. Dit is hier waar die keuse van die bron van die grootste belang is. Dit moet kort en nie te moeilik wees nie, die taal moet bekend wees en die skrif moet leesbaar wees. Op hierdie vlak kan met vrug van konkrete voorwerpe as bronne gebruik gemaak word. Probleme wat in die hoërskool ondervind word soos hoër eise wat gestel word, omvangryke sillabusse, 'n minder buigsame klasrooster asook interne en eksterne eksamens is in die laerskool nie so nypend nie en dit skep die geleentheid om hier met bronnestudie te begin.

Daar is verskeie boeke wat handel oor die betekenis van persoonsname. Aan die hand van hierdie boeke kan 'n studie gemaak word van die betekenis van die name van leerlinge vanaf ongeveer sewe jaar. Name soos Smit, Muller en De Jager dui byvoorbeeld aan watter beroep hul voorouers beoefen het.[22] Name van Griekse herkoms soos Filip (perdeliefhebber) en Alexander (beskermer), gee aan leerlinge die gevoel dat hulle deel is van die verlede waarvan hulle leer.

In die laer klasse kan 'n artikel aan die leerlinge getoon word en vrae daaroor gestel word. Dit kan dien as aanknopingspunt om belangstelling te wek of die regte atmosfeer te skep. Bronnemateriaal behoort met die les geïntegreer te word sodat dit nie los staan nie. As dit die regte uitwerking moet hê, moet leerlinge daarvoor ingestem word deur byvoorbeeld die agtergrond te skets of 'n vraag te stel wat die aandag op die inhoud van die bron sal rig.[23]

'n Goeie werkswyse om vir leerlinge groter perspektief van 'n sekere tydperk in die geskiedenis te gee, is om persone wat self deel daaraan gehad het na die klas te nooi om die leerlinge van hulle ervarings te vertel. 'n Persoon wat byvoorbeeld in die Tweede Wêreldoorlog 'n vlieënier was en miskien nog 'n uniform besit, wat gevare trotseer het maar ook wonderlike ervarings gehad het, kan na die klas genooi word om self van sy ondervindings te vertel en leerlinge se vrae te beantwoord. Indien sulke persone nie self na die klas kan kom nie, kan van bandopnames van hulle vertellings gebruik gemaak word, terwyl foto's, 'n uniform en ander artikels vertoon kan word. Leerlinge kan natuurlik ook aangemoedig word om gegewens by nog lewende persone in te win, maar dan moet dit behoorlik gekontroleer word.

Nog 'n moontlikheid vir bronnestudie is om leerlinge vir 'n studiebesoek na 'n museum, monument of historiese gebou te neem om met historiese materiaal te laat kennis maak.[24] Die besoek moet egter goed georganiseer word en agtergrondkennis moet vroetydig bygebring word, sodat die leerlinge presies kan weet wat hulle tydens die besoek moet waarneem. Dit is hier van groot belang dat opdragte duidelik en deeglik beplan moet word voordat dit aan leerlinge oorgedra word. Opvolgaksies na die besoek is ook essensieel.

Die onderwyser kan kopieë van 'n bron uitdeel wat die leerlinge moet bestudeer. Hy stel vrae daaroor om vas te stel of hulle begryp wat hulle gelees het en wys veral dinge soos kleredrag, vervoermiddels, gereedskap en taalgebruik uit. So kan 'n sin vir tyd by die leerlinge aangekweek word. Indien van meer as een bron gebruik gemaak word, kry die leerlinge te doen met 'n herhaling van gegewens en ook met aanvullende en weersprekende besonderhede. Leerlinge moet dan self oordeel, vergelyk en gevolgtrekkings maak. Indien hulle 'n geskrewe stuk oor hul bevindings opstel, kan dit later in die klas bespreek word sodat mistastings uit die weg geruim kan word.

Leerlinge kan versoek word om aan die hand van een bron se gegewens meer inligting te soek wat daarby aansluit. Dit kan gedoen word deur byvoorbeeld mondelinge getuienis in te win of museums, bouvalle, monumente, begraafplase of historiese geboue te besoek. Meer daaroor kan ook in die biblioteek gelees word.

Leerlinge wat oor die fasiliteite beskik, mag dit baie interessant vind om individueel 'n uitgawe of enkele uitgawes van 'n koerant van tien of meer jaar gelede deur te blaai en die fotografie, nuusberigte en advertensies daarin te bestudeer. Daarna stel elkeen sy mening oor die tydperk waarin die koerant verskyn het op skrif en dui veral aan hoe dit met die eie tyd verskil.

Nog 'n moontlikheid is om aan die klas kontrasterende ooggetuieverslae te verstrek van 'n sekere gebeurtenis of skrywers oor 'n sekere verskynsel.[25] Gewoonlik word verskille in hierdie weergawes aangetref. Vrae word aan die leerlinge gestel wat meer van hulle vereis as wat in die verslae staan. Vrae wat goed gekies word, kan historiese denke by die leerlinge bevorder.

Studiepakkette kan gebruik word om leerlinge in groepe daaraan te laat werk.26 Indien die pakket byvoorbeeld oor die onderwerp ''slawehandel'' handel, kan individuele leerlinge of klein groepies leerlinge oor spesifieke aspekte van slawehandel werk. Moontlike aspekte van so 'n tema is die ontstaan van slawerny; die lewe op 'n slaweskip; behandeling van slawe in die Amerikaanse kolonies; slawe aan die Kaap en persone wat hulle vir die vrystelling van

slawe beywer het. Uiteindelik kan elke leerling of elke groepie wat oor 'n aspek gewerk het, oor hul bevindings verslag doen om so 'n geheelbeeld van die onderwerp te kry.

Daar bestaan die moontlikheid dat groepe Geskiedenis-onderwysers kan saamwerk om 'n bronnebank van individuele dokumente en studiepakkette op te bou. Hulle kan op hierdie wyse baie van mekaar leer en dit is ook gewens dat selfs leerlinge in hierdie aktiwiteit betrek word. Dit is egter gewoonlik so dat min onderwysers sulke pakkette onveranderd gebruik. Gewoonlik vind hulle dit nodig om die pakkette aan te pas by die ontwikkelingspeil en besondere behoeftes van hulle eie leerlinge. Groot getalle studiepakkette hoef ook nie oornag te ontstaan nie, maar kan geleidelik saamgestel en uitgebou word.

## 6. SLOTGEDAGTES

Indien bronnestudie meer as 'n blote begripstoets moet wees, moet die onderwyser die nodige agtergrondkennis oor die onderwerp onder bahandeling by die leerlinge tuisbring. Die bronnemetode kan me projekwerk geïntegreer word, dit kan ook aansluit by die aanbieding van eietydse geskiedenis en plaaslike geskiedenis wat in 'n mate op waarneming en ervaring deur die leerlinge gerig is. 'n Gebalanseerde afwisseling van die bronnemetode met die groot verskeidenheid van die bestaande onderrigmetodes skep die moontlikheid van 'n groot variasie van aktiwiteite wat baie daartoe kan bydra om die doelstellings van geskiedenisonderrig te verwesenlik. Met die toepassing van die bronnemetode moet daar genoeg afwisseling van aktiwiteite wees. Indien slegs die bronnemateriaal verander terwyl die werkwyse basies dieselfde bly, kan belangstelling en motivering daaronder ly.

Bronnestudie kan die leerling laat besef dat die inhoud van 'n handboek nie uit die lug gegryp is nie, maar dat dit op bronne berus. [27] Dit word by hom tuisgebring dat die handboek nie die enigste bron is wat in die studie van Geskeidenis gebruik kan word nie. Hy weet nou waar gegewens vandaan kom en indien hy meer daarvan te wete wil kom, of as daar twyfel oor sekere gegewens bestaan, kan hy meer daaroor gaan lees.

Aan die hand van bronne kan die leerling 'n eie mening oor 'n onderwerp vorm. Hy kan 'n kritiese ingesteldheid ontwikkel en begin om teenstrydige getuienis te identifiseer en te hanteer, byvoorbeeld deur dit met gegewens uit 'n ander bron te vergelyk. Hy evalueer dus gegewens en kom dan self tot 'n slotsom. Daar word nie slegs passief geluister na die aanbieding van leerstof nie, maar die geskiedenis word aktief-denkend beleef. In plaas van slegs tydelik te memoriseer, kry die historiese kennis deur bronnestudie 'n meer blywende karakter en kan Geskiedenis werklik vormende waarde kry.

## VERWYSINGS


1. Die primêreskoolkursus, sillabus vir Geskiedenis, Standerds 2 tot 4, Departement van Onderwys, Kaap die Goeie Hoop, 1979, p.3.

2. R.B. Jones: *Practical Approaches to the New History.* Hutchinson Educational, London, 1973, p. 89.

3. P. Mays: Why Teach History? University of London Press, London Press, London, 1974, p.55.

4. A.N. Boyce: *Teaching History in South African Schools.* Juta. Cape Town, 1968, p.74.

5. *Ibid.*

6. M. Ballard: *New Movements in the Study and Teaching of History.* Temple Smith, London, 1970, p.213.

7. Jones: *op.cit.*, p.89.

8. W.H. Burston *et al.* : *Handbook for History Teachers.* Methuen, London, 1972, pp. 206 en 214.

9. J. Olivier: Kom ons vertel die storie ook eerstehands vir ons Junior leerlinge - die bronnemetode ook toegepas in die onderrig van Geskiedenis in die Primêre Skool, in *Die Unie*, November 1983, p.138.

10. W.H. Burston: Principles of History Teaching. Methuen, London, 1972, P. 40.

11. Jones: *op. cit.*, p.85.

12. Ibid., p.74.

13. Boyce: *op. cit.*, p.25.

14 Sillabus vir Geskiedenis. p.3.

15. Ballard: *op. cit.*, p. 205.

16. Burston: *Handbook*, op. cit., p.211.

17. Boyce: *op. cit.*, p.78.

18. Burston: *Handbook*, *op. cit.*, p. 218.

19. J. Keats *et al.*: *Cognitive Development, Research based on a Neo-Piagetian Approach.* John Wiley & Sons, New York, 1978, p.347.

20. J. Olivier : Kom ons vertel dit eerstehands! - Enkle aspekte met die gebruik van die Bronnemetode in Geskiedenisonderrig, in *Die Unie*, Januarie 1983, p. 175.

21. Mays: *op. cit.*, p.55.

22. *Ibid.*, p.56.

23. Boyce, *op. cit.*, p.78.

24. Mays: *op. cit.*, p. 70.

25. Burston: *Principles*, p.43.

26. Mays: *op. cit.*, p.68.

27. A. van Straaten: Die gebruik van bronne in die onderrig van Geskiedenis in die sekondêre skool, in *Gister en Vandag*, April 1985, p.16.